## 8.5
## DIE VERHURING VAN SPORTFASILITEITE AAN BUITEGROEPE

**Bestek: Die beleid bevat prosedure rondom die verhuring van sportfasiliteite aan buitegroepe.**

### Beleid:

**<u>Huidige prosedure:</u>**

Die inkomste uit verhuring van fasiliteite aan buitegroepe, word tans as volg verdeel:

a) Die hokkie-, netbal-, en atletiekklubs kry die volle bedrag, aangesien hulle self betaal het vir die opgradering van hulle onderskeie fasiliteite.

b) Die Klubhuise (uitgesluit die Stal en PSO klubhuise), rugby-, krieket-, en sokkerklubs se geld word sodanig verdeel dat 50% daarvan na die betrokke klub gaan en die ander 50% gaan na 'n sentrale fonds wat Sportburo dan kan gebruik vir die instandhouding van fasiliteite, wat die aankoop van toerusting wat gebruik word by die Sportburo mag insluit.

Die huurtarief vir die gebruik van vloedligte is as volg:

<u>Atletiek en rugby</u>:

a) Vir kategorie a- en b-ligte is dit R500.00 per aand.

b) Vir kategorie c-ligte is dit R750.00 per aand.

c) Vir die sogenaamde TV-ligte, waar alle ligte aangeskakel word, is dit R1 000.00 per aand.

d) <u>Hokkie:</u> Oefeninge R125,00 per uur en wedstryde R200,00 per uur

e) <u>Netbal:</u> Oefeninge en/of wedstryde R100,00 per baan per uur

f) <u>Tennis:</u>R3,00, R5,00 en R10,00 per baan per uur in die onderskeie kategorieë (a,b,c)

Bogenoemde inkomste word as volg verdeel:

50% gaan na kostepunt SBDR5, Sportburo verhuringsgelde - ander. Die ander 50% gaan na die betrokke klub op wie se velde die sportbyeenkoms plaasvind.

**<u>Voorgestelde prosedure:</u>**

1. Dat die heffing en verdeling van huurinkomste deur die Sportburo hanteer word.
2. In die geval waar sportfasiliteite aan buitegroepe verhuur word, en waar die gebruik van spreiligte/(saalligte vir binneshuis) ter sprake is, 'n uurtarief vir die gebruik van die spreiligte/saalligte gehef word.
3. Die uurtarief (vir die gebruik van spreiligte/saalligte) soos hierbo bepaal, sal aangewend word vir die elektrisiteitskoste en die daarstel van 'n vervangingsreserwefonds vir die vervanging / onderhoud / herstel van vloedliginstallasies.
4. Die uurtarief soos in 2 hierbo bedoel sal ten opsigte van elke fasiliteit, of gedeelte daarvan afsonderlik bereken word en sal, soos dit nodig is, deur die Afdeling Instandhouding en Bedryf hersien word.

5. Die voorgestelde prosedure vir die heffing van genoemde tarief is as volg:

i. Die verantwoordelikheid lê by die US-Sportburo om maandeliks ŉ verslag aan die Persoon verantwoordelik vir Nutsdienste (voortaan die Verantwoordelike Persoon) by Afdeling: Fondse- en Batebestuur, te stuur waarin die verhurings aan buitegroepe vir die maand uiteengesit word.

ii. Hierdie verslag moet die volgende inligting bevat: Die datum en tyd per fasiliteit; die tipe beligting gebruik; en die kostepunt waaruit die heffing verhaal kan word. Bv:

| **Fasiliteit** | **Datum** | **Tyd** | **Beligting** | **Kostepunt** |
|---|---|---|---|---|
| Coetzenburg Atletiekstadion | 24/02/03 | 19:00 tot 21:00 | Fase 1, 2 en 3 | SSAK0 |

iii. Die Verantwoordelike Persoon sal maandeliks die heffing te boekstel.

**Kontak afdeling:**
US Sportburo